No 1365 9 April 2017

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: www.gk-alkantrant.co.za • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant • **Predikant**: Ds Dirk Kotzee: 079 305 3297, dkotzee@gmail.com • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, hbklopper@webmail.co.za •**Administratiewe beampte:** Rina de Villiers: 081 599 2321, pikkie.rina18@gmail.com •**Attes skriba:** Tjaart van der Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za
Bankbesonderhede: GK Alkantrant, Absa-rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745.

Erediens

Hartlik welkom by die erediens. Daar is vanmôre slegs een erediens om 09:00. Die erediens word gelei deur ds Dirk Kotzee.

Erediens

Lees: Rigters 7:8b-25
Teks: Rigters 7:9-11
Tema: Oorwinning in persoonlike swakheid en in God se almag.

Preekskets

Gideon is gehoorsaam aan die Here. Hy maak in die oë van die wêreld 'n fout deur sy weermag minder te maak. As kind van God maak hy egter 'n wyse besluit deur aan God gehoorsaam te wees.

Die doel van die hele oefening was om Israel tot inkeer te roep, sodat hulle sal erken dat die oorwinning nie deur hulle eie optrede gekom het nie, maar dat die Here dit bewerkstellig het.

In ons teks word Gideon vanmore oorgeroep tot aksie. Hy en sy driehonderd manne moet die weermag van die Midianiete gaan aanvat, 'n aksie wat absolute vertroue in die Here gaan verg om deur te voer. Dit is juis hier waar ons sien die oorwinning kom die Here toe en dat Sy mag nie maar net mag is nie, maar almag!

Sing

Psalm 61-2:2 (Toetrede)
Psalm 63:3 en 4
Psalm 103-2:4 en 5
Skrifberyming 3-3: 1, 4 en 6
Skrifberyming 13-3

Kollektes

Tydens erediens: Diakonale kas
By die deure: Borg-'n-Bybel
Volgende Sondag: Dopperdinge

Diensbeurt

Die kerkraadslede van wyk H7 is vandag aan diens: Ouderling vakant en Diaken Rina de Villiers

Gemeentesake

Lief en leed

Sr Fransie van Rooyen sterk tuis aan nadat sy behandeling vir ontsteking ontvang het.

Sr Bettie Bosch gaan hierdie week vir opvolg behandeling.

Sr Elaine Viljoen is die afgelope week aan haar skouer geopereer. Sy herstel in Jakaranda Hospitaal.

Br Johan Smit het die afgelope week behandeling ontvang vir velkanker. Hy sterk tuis aan.

Ons bid hierdie gesinne die seën, beskerming en troos van ons hemelse Vader toe. Baie sterkte in hierdie tyd van beproewing.

Klassisvergadering

Die Klassis Oostelike-Pretoria vergader op 24 April 2017 om 18:00 in die Gereformeerde Kerk Pretoria-Alkantrant se konsistorie. Ons moet sorg vir aandete en ander logistiek. As daar enigiemand is wat kan help om kos voor te berei vir aandete, kontak asseblief vir Christiaan Swanepoel by 073 769 0455.

Indien daar iemand is wat kan uithelp met die logistiek van die aand (tafels uitpak, met fotokopieerder werk en help as daar tegniese moeilikheid is) kontak asseblief vir ds Dirk

Skoolvakansie

Ons herinner u graag aan die veranderinge wat plaasvind tydens skoolvakansies. Daar is tydens die skoolvakansies slegs een erediens om 09:00. Daar is geen katkisasie, dialoogbediening of koffiekroeg nie. Daar is ook nie Bybelstudie tydens die skoolvakansies nie. Ons herinner aan die Goeie Vrydag nagmaaldiens om 09:00.

Skole open weer 18 April. Die verrigtinge by die kerk gaan dan weer normaal voort.

Gemeentelike aktiwiteite

Nuwe intrekkers

Hartlik welkom aan ons nuwe intrekkers!
Ons wil graag kennis maak. Ontmoet vir ds Dirk by die koffiestasie of skakel gerus met hom by: dirk@gk-alkantrant.co.za of dkotzee@gmail.com

Sustersake

Kaartjies

Nuwe, vars en oorspronklike kaartjies is weer beskikbaar in die portaal. Kom ondersteun ons asseblief.

Die inkomste uit die verkoop van die kaartjies is ten bate van die President Kruger Kinderhuise.

Liefdadigheid: Paul Kruger Huise – Reddersburg

Vir baie jare is dit ons gemeente se voorreg om voor elke winter en ook met Kerstyd, ‘n insameling te hou vir die kinders.
Voorheen was dit ‘n warm kombers vir elkeen of ‘n lekker warm trui of baadjie. Eenkeer vir elke kind ‘n paar nuwe pantoffels – ook ‘n keer ‘n pakkie met skryfbehoeftes vir die nuwe skooljaar. Hierdie winter wil ons graag vir elkeen van die 55 kinders, ‘n lekker warm trui of baadjie en ‘n gebreide serp stuur. ‘n Hele paar ywerige breiers is tans besig om hierdie projek waar te maak. Kom kyk gerus na kerk in die portaal wat ons al vermag het. Skenkings in die vorm van truie, baadjies of kontant sal baie welkom wees

Koeksisters

Daar is vars koeksisters in die portaal beskikbaar na die erediens. Teen slegs R25/dosyn.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Daar is braaihout beskikbaar teen R30/sak en vir ’n groot streepsak R100/sak. Heerlike wildswors en maalvleis teen R75/kg.

Daar is ook wildspastei (medium R50/elk en groot R100/elk), droëwors, biltong.

Ná die erediens kan Nico of Marius u help by die motorhuis agter die konsistorie.

Gedagte vir die week

Indien die Christelike geloof vals is, is dit van geen belang nie. Indien dit die waarheid is, is dit van ewigheidsbelang. Die enigste ding wat die Christelike geloof nie kan wees nie, is van gemiddelde belang.

- C.S. Lewis

Potjiekoskompetsie

Hou asseblief 27 April 2017 oop. Op hierdie dag gaan die potjiekoskonings mekaar weer aanvat. Ons nooi enigiemand uit om ’n potjie in te skryf. Kontak asseblief vir Christiaan Swanepoel (073 769 0455) om in te skryf.

Meer inligting oor inskryfgeld, koste vir etes en pryse, sal binnekort bekend gemaak word.

Verjaardae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle ’n geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

Sondag 9 April
At Ligthelm– 082 373 1187
Klaas van Dyk – 083 565 4337

Dinsdag 11 April
Renda van der Walt – 072 216 9739
Petro White – 082 960 3232
Anet le Roux – 012 8077 1535

Woensdag 12 April
Christopher Hughes – 082 563 7845
Liz Shaw – 072 221 6331

Donderdag 13 April
Christa Ligthelm – 082 373 1187

Vrydag 14 April
Renier Fox – 078 118 366
Koos Muller – 071 682 1495
Erick van Jaarsveld – 083 324 2694

Saterdag 15 April
Hester Nienaber – 082 453 6816

Dagboek

Hierdie week

9 April: Erediens om 09:00
14 April: Goeie Vrydag
Nagmaal om 09:00

Volgende week
16 April: Erediens om 09:00 (Paas Sondag)
17 April: Gesinsdag
18 April: Skool heropen

Week 3
23 April: Eredienste om 09:00 en 10:30
Katkisasie
Koffiekroeg om 16:00
Dialoogbediening om 17:30
24 April: Klassis Pretoria Oos vergader by Alkantrant om 18:00
27 April: Potjiekoskompetisie
Vryheidsdag
28 April: Skoolvakansiedag
Week 4
30 April: Erediens om 09:00
Geen katkisasie
1 Mei : Werkersdag
3 Mei : Oggend Bybelstudie om 09:30
5 Mei : Saktyd vir Dopperdinge – Alle artikels moet in wees.

Advertensies

Indien daar plek in die *Gemeentebrief* is, plaas ons u advertensies gratis. Reël asseblief met die redaksie in verband met die tydperk van die plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Vakansieverblyf: Wes-Kaap
Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na die strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R600 per dag, minimum 10 dae.
Skakel *Nols* of *Bettie Swanepoel* by 082 553 8960.

Vakansieverblyf: Natalse Suidkus
Eenheid in San Lameer te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus.

Skakel *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by marielouiseels@gmail.com.

Susan Swanepoel Musiekskool
Onderrig in klavier, teorie en harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instrumente en sang.

Skakel *Susan* by 083 252 0983 of 012 993 1074.

Vars gebak en spyseniering
Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, “platters” en spyseniering vir funksies, verjaardae, kinder-partytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur ’n e-pos aan cjswan4@gmail.com.

Loodgieterswerk
Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk.
Skakel *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892

Bioway multi-insekdoder
Dodelik vir miere, stofmyte, vlieë, kokkerotte, muskiete, ens. Dit word gebruik in hospitale, skole en restaurante en is veilig om in koskaste, ook rondom jou troeteldiere en selfs naby jou kinders te gebruik.
Asook verspreider van **Aloferox** en **Global Herbal** gesondheid en skoonheidsprodukte.
Skakel *Anna van der Walt* by 076 467 4290.

Boomsloping en snoeiwerk
Jac Marais, ’n lidmaat van die GK Kameeldrift, sloop en snoei bome en struike in tuine.
Skakel 012 819 1316 of 082 412 7137.

Juwele te koop
Bekostigbare egte silwer juwele te koop.
Kontak F*rançoise Viljoen* 083 357 5833 of stuur ’n e-pos aan franviljoen@gmail.com

Vir die jongspan

Kleur die prentjie in en vra vir Pappa en Mamma waarom Gideon so dapper kon wees.